

COMMUNIKÉ



FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSAPPE

FACULTY OF ECONOMIC AND MANAGEMENT SCIENCES

INTERNASIONALISERING SKEP GELEENTHEDE

INTERNATIONALISATION CREATES OPPORTUNITIES




1996



Universiteit van Pretoria



IT'S PERFECT!



Leonardo da Vinci's Vitruvian Man, portrayed here, traces the perfect geometry of divine creation and has inspired our image of the ideal man.



UNIQUE PROTECTION FOR GRADUATE PROFESSIONALS

An exclusive society for graduate professionals and run by professionals, PPS has come to symbolise perfection in terms of professional cover.

We provide services and benefits that attest to this. We offer the finest sickness and disability benefits, a tax-free lump sum on retirement, group term life cover, a retirement annuity scheme, as well as Profmed - a medical aid scheme tailored for professionals. This is our Renaissance Plan, which we believe to be ideal for professionals.

IT'S YOUR SOCIETY

If you require unique protection and you are a graduate professional, call PPS today. Talk to professionals who share your ideals.

The Professional Provident Society of South Africa

**PO Box 1089 Houghton 2041
Tel: (011) 486-1088 Fax: (011) 486-2946/7**



INHOUD

Met innovasie bereik ons groter hoogtes	2
Internasionale bestuur bou brûe na die wêreldarena	4
Public sector benefits from co-operation between universities	6
Is market orientation basically Afrocentric?	8
Actuarial techniques in short-term insurance is a breakthrough	10
Computer lab gets funding boost	11
Europese bestuurskole wil bande met UP smee	12
Departement Ekonomie werk nou met private sektor saam	14
Nuwe Dekaan lei 'n nuwe era in	15
KE-boek vier 10de verjaardag	16
Tukkies doen dit weer	16
SRO lewer 'n omvattende bydrae tot navorsing	17
Economists think globally and act locally	18
Accountants from Africa are trained at Tukkies	20
Nuwe rekeningkundige tydskrif sien die lig	21
Praktiese blootstelling maak studente meer bemerkbaar	22
Paving the way for tourism	24
Statistics: a solid basis for business decisions	26
He has high hopes for tourism	29
The Africanisation of Accounting	30
Omgewing en ekonomie in die weegskaal	32
Departement Informatika kry internasionale blootstelling	33
Oorsese uitruilskema plaas SOBA op die wêreldkaart	34
Informal sector thrives in South Africa	36
Departement Rekeningkunde se twee nuwe grade is uniek	37
Revised Informatics curricula is on a par with international standards	39
Nuwe boeke in beeld	40
Survivor syndrome could hit SA companies	42
Onderrigkwaliteit seëvier steeds in Fakulteit	43
Gemeenskapsdiens bied aan almal geleenthede	44
UniSchool opens doors to the job-market	45
Management education goes global	46
Toppresteerdêr blink uit	48
Oudstudentevorm	48



Jaargang 9 November 1996

Communiqué word saamgestel deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria.

Hierdie skakelblad verskyn een keer per jaar en word gratis aan oudstudeerders en ander teikengroepe van die Fakulteit verskaf.

Met die nodige erkenning mag enige deel van die inhoud van Communiqué elders aangehaal word.

Menings wat in hierdie publikasie uitgespreek word, weerspieël nie noodwendig die sienswyse van die Fakulteit nie. Redaksionele bydraes word verwelkom en sal, met die

voorbehoud van redaksionele veranderinge, vir plasing oorweeg word.

Rig bydraes en navrae aan Die Redakteur: Communiqué Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Universiteit van Pretoria Pretoria 0002

Tel (012) 420-3328
Faks (012) 342-2431
Redakteur: Estelle de Beer

Taalversorging: Essie Raath
Fotografie: Melanie Herbst
Ontwerp: Virginia Anne Fourie and Associates
Reproduksie: Montage Repro
Drukwerk: Hortors Print (Pty) Ltd
ISSN 1013-168X

Met innovasie bereik ons groter hoogtes

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bereik jaar na jaar groter hoogtes en vanjaar was geen uitsondering nie. Met buitelandse deure wat vir tersiêre instellings oopgaan, begin hierdie Fakulteit nou sy regmatige plek in die internasionale arena van die ekonomiese en bestuurswetenskappe inneem.

As nuwe Dekaan van die Fakulteit het ek 'n tydvak betree waar herbesinning oor die rol en missie van tersiêre opleiding in Suid-Afrika aan die orde van die dag is. Nuwe benaderings word geïdentifiseer en nuwe prioriteite gestel. Groter aandrag op toelating, die noodsaaklikheid van groter relevansie in onderrig en navorsing, groter aansprake op gemeenskapsdienslewering en eise vir groter deursigtigheid, demokratisering en transformasie word voortdurend uitgeoefen.


Die groot getal studente (ongeveer 6 000) wat tans in die 11 Departemente van die Fakulteit studeer, vereis voortdurende aanpasbaarheid en noukeurige beplanning om te verseker dat gegradueerdes op die lang termyn hulle beroepe effektief sal kan beoefen.

Dit verg dat opnuut besin moet word oor onderrigmetodes, doelmatigheid en doeltreffendheid asook oor nuwe wyses van sertifisering of die ontwikkeling van 'n kwalifikasiestruktuur. In hierdie kader tree markleierskap vir voortbestaan, ontwikkeling en groei sterk na vore.

Daar is 'n tendens by sommige universiteite om van hulle tradisionele aanbieding van kursusse af te wyk.

Die gebruikmaking van tegnologiese hulpmiddels in afstand- en kontakonderrig en die aanbieding van informele opleidingsprogramme wen vinnig veld.

Die Fakulteit het hierdie uitdagings reeds aanvaar en by ons nuwe nagraadse fasiliteit wat in 1997 in gebruik geneem word, sal studente met behulp van moderne tegnologiese hulpmiddels die mees resente bestuurstegnieke aanleer.



**Prof Chris Thornhill, Dekaan:
Fakulteit Ekonomiese en
Bestuurswetenskappe**

Internationalisation

Internationalisation is one of the strongest modern trends in tertiary education. International scientific co-operation regarding education and research is necessary and made possible by processes of economic and technological integration, together with the development of communication and information technology. Know-

ledge is universal and the promotion thereof can be greatly ensured by joint efforts of the international academic community.

Approximately 30 lecturers delivered papers abroad this year and many received awards for their contribution to science. The international knowledge gained is naturally ploughed back into training and our students benefit directly.

A university is often seen as a primary driving force behind change in society. One of the greatest socio-economic challenges in most countries today, including highly industrialised countries, is how to improve

The worldwide trend towards globalisation, more sophisticated communication, and increasingly knowledgeable and demanding customers have necessitated the internationalisation of management education as a means of coping with these challenges.

the capabilities of their people in order to keep up with the changes in the community, economy, technology and international trade. These are also issues that we in our Faculty struggle with daily. The answers that we find to these questions frequently place us on the forefront of economic and management sciences locally as well as internationally.

A true international player

As a true international role player South Africa has become part of the constantly changing, competitive, international environment.

The worldwide trend towards globalisation, more sophisticated communication, and increasingly knowledgeable and demanding customers have necessitated the internationalisation of management education as a means of coping with these challenges. The higher education system (universities, technikons and colleges) traditionally provide much of the high level human resources for the commercial and industrial world. Universities in general have to provide relevant business and management education for an internationally competent high level workforce. Especially at post-graduate level it is imperative that international business receive sufficient attention in curricula.

Hoogs kompeterende produk

Binne die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bied ons 'n hoogs kompeterende produk in die vorm van 22 studierigtings aan. Evaluering vind

deurlopend plaas om hoogstaande kwaliteitonderrig, -navorsing en -gemeenskapsdiens te verseker.

Aandag word ook voortdurend geskenk aan die lewering van produkte aan die openbare en private sektore in die vorm van potensiële werknemers met 'n leeringesteldheid. Sodoende word lewenslange leer bevorder en sorg gedra dat die arbeidsmag by die veranderende omstandighede kan aanpas soos en wanneer nodig.


Inligting vir lewenslange leer word as 'n belangrike hulpbron geag en studente word in hul opleiding daarmee vertrouwd gemaak. Dit impliseer dat nuwe

inligting hom/haar voortdurend vir sy/haar taak kan toerus. Verder word 'n entrepreneuriese benadering, wat 'n student in staat stel om sy/haar toekoms self te bepaal en selfstandig op te tree, ook in die Fakulteit gevolg.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe strewe daarna om met sy opleiding 'n bydrae tot welvaartskepping en die verhoging van die lewenskwaliteit van

Suid-Afrika se inwoners te lewer. Met die verskaffing van hoë kwaliteit onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens deur die land se voorste akademici kan ons nie anders om in ons doel te slaag nie. Vir meer as 75 jaar al bied ons 'n tuiste aan diegene wat in die ekonomiese en bestuurswetenskappe belangstel en ons nooi almal uit wat hierdie belangstelling deel om saam met ons die wenpad te betree.

Chris Thornhill
Dekaan





Internasionale bestuur bou brûe na die wêreldarena

'n Loopbaan in 'n vreemde land, 'n nuwe taal en 'n onbekende kultuur is nie net 'n vêrgesig nie, maar 'n realiteit vir nagraadse studente in Leierskap en Internasionale Bestuur aan die Nagraadse Bestuurskool.

Aangevuur deur prof Ronel Erwee van die Nagraadse Bestuurskool se passie vir internasionalisering, word die wêreld skielik heelwat kleiner en meer bereikbaar. 'n Loopbaan in die internasionale arena lyk ook nie meer onmoontlik nie.

“Dié kursus is my groot plesier,” verduidelik prof Erwee geesdriftig. “Ek daag my MBA-studente aan die begin van die kursus uit om 'n algehele paradigmaterskuiwing ten opsigte van hul internasionale denkwyses te maak. Aanvanklik glo hulle my nie, maar later word die tekens van hulle nuwe denkwyses al meer sigbaar.”

Studente in dié kursus moet hulself aan die kenmerke van 'n internasionale bestuurder meet. Hulle moet onder meer bepaal of hulle multikulturele spanne kan bestuur, by vinnige verandering kan aanpas, hul kennis kan verbreed en onderkompeterende omstandighede kan funksioneer.

Internasionale loopbaanplan

“Ek gee slegs riglyne waarna studente hulself moet evalueer en self bepaal waar hulle staan en watter vaardighede hulle wil ontwikkel. Hulle moet die teorie na hulle eie persoonlike doelwitte herlei,” sê sy.

Vir een van hulle referate moet studente as 't ware hulle eie internasionale loopbaanplan by 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat internasionaliseer, formuleer. Só 'n sakeskuif word tot in die fynste

besonderhede beplan - tot hoe die gesin van die kandidaat in die nuwe omstandighede sal aanpas.

Uit die klas van 1995 het vyf studente uit die 29 reeds betrekkinge in die buiteland aanvaar. Volgens prof Erwee berei die meeste studente hulle op geleentheid in hulle eie maatskappy voor. Wanneer die maatskappy dus begin internasionaliseer is hulle gereed om uitgeplaas te word.


Prof Erwee wil brûe bou

Prof Erwee se passie vir Internasionale Bestuur vloei voort uit Suid-Afrika se groot agterstand in internasionalisering. Weens disinvestering het van die groot multinasionale maatskappye hulle aan die land onttrek en het plaaslike maatskappye kontak met hulle internasionale konkurrente verloor.

“Suid-Afrikaanse bestuurders was bewus van wat in die internasionale arena gebeur het, maar was nie in regstreekse kompetisie met internasionale maatskappye nie en het voeling met hulle verloor.” sê sy. Prof Erwee vertel hoe mnr Ivan Lätti, een van Suid-Afrika se bekendste menslike hulp-bronbestuurders, soos 'n plaaskind in 'n groot stad gevoel het in sy eerste jaar by 'n multinasionale maatskappy.

“Ons wil nou 'n brug vir regstreekse kontak bou,” sê sy. In samewerking met kollegas van die Universiteit van Stellenbosch en Unisa, het prof Erwee in 'n taakgroep gedien wat onlangs 'n tak van die *Academy of International Business* in Suid-Afrika begin het. “Ons wil die vak Internasionale Bestuur formeel in die Suid-Afrikaanse bestuurskole vestig. Die doelwit is dus die uitbou van die vakgebied,” sê sy.

Studente in dié kursus moet hulself aan die kenmerke van 'n internasionale bestuurder meet. Hulle moet onder meer bepaal of hulle multikulturele spanne kan bestuur, by vinnige verandering kan aanpas, hul kennis kan verbreed en onder kompeterende omstandighede kan funksioneer.



Prof Ronel Erwee bied die MBA-kursus in Leierskap en Internasionale Bestuur by die Nagraadse Bestuurskool aan.

sy bewus van die vrou in 'n internasionale konteks.

In 1989 het sy 'n tak van die National Association of Women Business Owners (NAWBO) gestig, waarin sy haar beywer het om entrepreneurskap by vroue oor landsgrense heen te stimuleer. In 1992 skryf prof Erwee die Suid-Afrikaanse hoofstuk van *Competitive Frontiers - Women Managers in a Global Economy*.

“Daar is dus reeds die afgelope dekade parallelle tussen my belangstelling in die bevordering van vroue se leierskapsvaardighede en Internasionale Bestuur,” sê sy.

Prof Erwee hou egter steeds 'n oë oor die rol van die vrou in die internasionale arena. Sy verwys na Nancy J Adler se boek *Women Managers* waarin die skrywer verduidelik hoe vrouebestuurders wat na tradisionele lande uitgeplaas word meer suksesvol is as die vroue van daardie land.

Dié vroue word as verhewe en as 'n kosbare skat uitgesonder. Prof Erwee meen dat dit die strategie is wat vroue moet uitleef. “Hulle moet presteer en so-doende 'n uitstekende reputasie vir hulself opbou.”


Prof Erwee sal vir 1997 as besoekende professor by die Universteit van Southern Queensland die vak “International Dimensions of Human Resource Management” aanbied.

As vak is Internasionale Bestuur aanvanklik by die University of South Carolina - een van die top drie universiteite in die VSA - ontwikkel, waar dit as 'n magistergraad aangebied word. Prof Erwee het haar opleiding in Internasionale Bestuur daar ontvang.

Internasionale bestuur en vroueregte loop hand aan hand

Haar belangstelling in Internasionale Bestuur is nie 'n nuutjie nie, maar is 'n tema wat gereeld in haar werk as kampvegter vir vroueregte na vore gekom het.

Met haar eerste internasionale kongres in 1983 het prof Erwee 'n referaat oor *Employment Conditions of South African Women* gelewer. Reeds toe was



Public sector benefits from co-operation between universities

With its finger on the pulse of South Africa's complex and rapidly changing environment, the School of Public Management and Administration (SPMA) is addressing the most urgent needs of our time - to equip public leaders to work as agents of organisational change.

The comprehensiveness of this task necessitates co-operation with other universities and the SPMA is increasingly presenting training programmes together with other universities to meet these needs.

JUPMET

One of the programmes in which the SPMA is involved, is the Joint Universities Public Management Educational Trust (JUPMET) which was established to design and implement a nationwide programme to build management capacity for the public and development sectors.

"The aim is not to establish a national curriculum," says Prof Petrus Brynard, Acting Director of SPMA. "This is rather a joint venture to promote closer co-operation between the various schools of public management situated at the Universities of Pretoria, the Witwatersrand, Durban-Westville, Fort Hare, Western Cape and Stellenbosch." In each programme every participating School will present a specific module.

JUPMET's aim - to promote the education and training of public managers to meet the needs of the public service at all levels of government - is realised through a wide range of certificate and special development courses.

JUPMET saw a need among police station managers for training and introduced a Station Manager's Course to support and facilitate the transformation from a culture of traditional policing to that of community policing.

The advent of democracy demanded a fundamental reassessment of the nature and style of policing. Station managers are traditionally not equipped with management skills which relate to agents of organisational change. The transformation process of the South African Police Service is aimed at meeting the requirements of the Constitution - to be representative, legitimate, impartial, transparent and accountable.

To leverage this change from old priorities to new ones, five interlinking programmes were developed as part of a course to support the transformation process. They are Community Policing, Information Management, Human Resource Development and Infrastructure Development.

Officials from 43 pilot stations nationwide were identified to attend the course. Director Ephraim Beetha, station manager at the Pretoria Central Police Station was amongst the candidates. "This course is like no other I've attended before. It is practical and relevant to our present situation," he says. "It is refreshing to have a course presented by people who are experts in their field."

The six modules, each presented by lecturers from one of the six JUPMET schools, are:

- The learning organisation
- Management and leadership

- Community policing
- Problem oriented policing
- Human resources management
- Station level administration.

With their newly acquired leadership, management and public service skills, station managers are able to work towards restructuring the South African Police Service to be a service rendering organisation. This implies a shift from law enforcement to a service orientation that will address the root causes of crime.



With newly acquired management skills Director Ephraim Beetha, station manager at the Pretoria Central Police Station (seated) and Senior Superintendent Heidi van der Westhuizen (right) can work towards restructuring their station to be a service rendering organisation. Discussing one of the modules in the Station Manager's Course with them are from left Mr Enslin van Rooyen and Dr Dawid Fourie of the School for Public Management and Administration. Senior Superintendent Martin Lifika looks on.

Public Service Management for Gauteng

The establishment of a new provincial government in Gauteng means that officials are faced with the task of designing structures, facilitating organisational change and instilling an ethos of public service. Man-

agers have to restructure administrations in order to implement new government policy and ensure service delivery.

To equip public servants with the necessary skills to deal with the difficult tasks ahead of them, the SPMA at the University of Pretoria and the Graduate School of Public and Development Management at the University of the Witwatersrand, introduced a Public Service Management Programme. The objective of the course is to provide participants with a critical understanding of the context and regulations within which they deliver services.

This practical, problem-oriented course gives attention to the development of implementation strategies and policies, the improvement of public servicing and the establishment of a new organisational culture.

Participants are provided with an understanding of the basis for organisational behaviour, human resource management and sound labour relations.

The Public Service Management course assists the participants in identifying their own learning needs. They are enabled to pursue learning opportunities that will strengthen their development and ensure the application of the theory to their every day tasks.

"Closer co-operation between universities meet the requirements of a new policy on higher education," says Prof Brynard. "Through this kind of co-operation we can address the dire need for education and training in this country. The advantages for students and universities alike are already evident and I trust that this practice will continue to be a great success in future."

Is market orientation basically Afrocentric?

Renewed international interest in the marketing concept and the concept of market orientation resulted in the question whether market orientation is basically Afrocentric in nature.

"The marketing concept and market orientation mean that a company focuses all its resources and efforts on satisfying customer needs. Customer needs form the foundation of all management decisions, including its mission, objectives and strategies," explains Mr Wouter Dreyer of the Marketing and Communication Management Department.

Together with Prof Adré Schreuder, Head of the Department, he sought to answer this question in a paper they delivered at a conference of the Academy of Business Administration (ABA) in Greece earlier this year.

Afrocentricity

Afrocentricity is unique to Africa and South Africa and exhibits remarkable similarities with Japanese culture. Both are collectivist and group or community oriented in nature. Individuals will often sacrifice their own success and material wealth for group acceptance and sustaining the community.

"If employees experience collectivism, inclusion and a sense of belonging in a company's culture, they will transfer their sense of well-being and commitment to the company's customers. The ideal is that customers will be incorporated into the community approach, entering into a partnership relationship with the company concerned. This will enable business to identify and satisfy customers' needs optimally within its profit objectives," says Mr Dreyer.

"The ultimate challenge for business to be market orientated is that of participation by all roleplayers involved. This requires the inclusion of all participants, from shareholders, directors, management and employees to customers and the community. Market orientation can only be achieved with committed and motivated people in a favourable work-



Prof Adré Schreuder and Mr Wouter Dreyer ask the question whether market orientation is basically Afrocentric in nature.

ing relationship. Given commitment of all concerned, market orientation is basically Afrocentric in its nature."

Arguably, the majority of businesses in Europe, North America and South Africa are managed according to Western management principles. Traditionally, the focus has been on personal power, position and authority. Business management is based on competitiveness, managed conflict, independent action and individual decision-making. It is often confrontational, autocratic, rational and analytical. The focus is on the individual and his contribution to financial results. Businesses tend

to be more task and results orientated than people orientated.

Afrocentricity prefers an approach that emphasises teamwork and group responsibilities with consensus decision-making, co-operation, interdependence, community involvement, shared wealth creation and satisfying human needs in business. This forms a stark contrast to the individualistic nature and predominantly task and short-term profit orientation of Western management. Traditional African culture is quite similar to the family orientated, paternalistic culture of Japan. The strong African culture lends itself to group effort that could, similar to the situation in Japan from 1945 onwards, ensure economic success for South Africa.

Key Japanese success factors

According to Mr Dreyer no nation, or individual company, can be an economic success unless society approves of the actions and the role of business. "Knowledge, training, skills and most importantly, employee commitment and loyalty are vital prerequisites for success. If the commitment of workers is essential for success, then a more effective concept, such as market orientation, and a business culture that workers can identify with, such as Afrocentricity, must be adopted as a basic business philosophy."

Several Japanese companies identified key approaches that are fundamental to their success. These approaches should be considered by South African businesses, taking similarities, such as culture, and differences, such as Japan having linguistic unity versus South Africa's 11 official languages, into account. The key approaches that are appropriate in the South African context, are:

- Group consciousness and group participation in problem solving and decision-making.
- Company loyalty through inclusiveness and a holistic concern for workers. Life-long employment enhances the sense of belonging that workers experience.
- Highly educated and skilled workers.
- Strong focus on customer satisfaction and market share.

Japan and traditional Africa share a group-oriented culture that is very similar in nature. The challenge therefore is to integrate Afrocentricity in the way business in South Africa is organised and managed, to the benefit of all participants.

Community concept

"A community concept implies that management be as approachable as a traditional community leader. In African villages, the traditional community leaders or chiefs, are highly dignified persons, yet very approachable. They are available for consultation on various issues and most follow an open-door policy," explains Mr Dreyer.

The community concept state that the high ranking managing director who is either reluctant or unable to engage in occasional informal contact with young lower ranking trainees, cannot hope to establish the necessary company loyalty within the organisation. An atmosphere of informality must prevail in business if employees and customers are to experience a sense of belonging. The community concept is not foreign to business and is akin to the management by walking around (MBWA) approach. "Managers should strive to understand the world-views of those they manage to obtain solidarity, commitment and motivation which are required to accomplish market orientation in a company," says Mr Dreyer.



Actuarial techniques in short-term insurance is a breakthrough


By using quality information as ingredients, spiced up with good actuarial judgement, mixed with a healthy dose of actuarial scientific methods, the actuary can present a meal that a company's policy holders, staff and shareholders will thoroughly enjoy.

And to top it all the Insurance and Actuarial Science Department's research unit can now assist insurers with, among others, premium calculations by means of the latest in actuarial techniques in short-term insurance.

The Insurance and Actuarial Science Department at the University of Pretoria has done pioneering work over the past few years in the field of actuarial techniques in short-term insurance. This initiative led to the appointment of two candidate actuaries in the short-term insurance industry, Messrs Willem Roos and Roger Grobler. Both studied at the University of Pretoria and were lecturers in the Insurance and Actuarial Science Department before their appointments at the short-term insurance firms Aegis and Hollard respectively.

Actuaries are mostly involved in life assurance and pension funds and were until recently seldom appointed in the short-term insurance market.

"The pioneering work done by this Department ensued from its research unit which specialises in the



short-term insurance industry. The type of research done at present concentrates on contract research where we assist insurers with premium calculations and determining reserves for outstanding claims," says Prof George Marx, Head of the Insurance and Actuarial Science Department.

The role of the short-term insurance actuary is to assist in the broader strategic risk management of an insurance company. Mr Roos' task at Aegis will involve the application of actuarial techniques in the areas of reserving, premium rating, reinsurance and investment strategy.

"The value added to the insurance operation will depend on the actuary's skill, as well as on the quality of the available information. I believe the actuary should play a pivotal role in the design of the company's information systems," says Mr Roos.

The role Mr Grobler plays at Hollard has not been clearly defined yet. "This is due to the fact that in

The Insurance and Actuary Science Department would like to establish a national data base to demonstrate global tendencies in the insurance and actuary field. They invite insurers to participate in establishing this data base. Information will be treated as confidential. Kindly contact Prof George Marx at (012) 420-3469, fax (012) 43-2567 or e-mail: verseker@ebs.up.ac.za for more information .

South Africa, actuaries have seldom before been utilised in short-term insurance companies - it is generally not yet appreciated what we can offer. I am currently involved in revising the premium rates for private motor risks. We have analysed Hollard's past experience using sophisticated statistical techniques and by applying methodologies developed while I was still at the University of Pretoria. These analyses are quite unique in South Africa. We are eager to see what the results are going to be in the next year or two.


After the rating revision the underwriting process will be analysed. We plan to look at the whole

business cycle of the policies we write - from when the quotation is done for a prospective client, through any claims that arise on existing policies, up to the revision of the premium rates at the completion of the cycle. There is a lot of pioneering work to be done from an actuarial perspective," explains Mr Grobler.

According to Prof Marx actuaries have been employed in short-term insurance in the USA and Britain for a long time. A recent investigation by the Institute/Faculty of Actuaries in the UK showed that the short-term insurance field is one of the growth areas for actuaries in future.

Computer lab gets funding boost

One of the country's top medical aid administrators, D&E Health Benefits, has given the Insurance and Actuarial Science Department a sponsorship of R30 000 to establish a computer laboratory exclusively for actuarial students. They will donate an additional R20 000 in 1998 to the laboratory, which will be named the D&E Health Benefit/Norwich Group Laboratory. Prof George Marx, Head of the Department, accepted the donation from Mr Peter Nieuwoudt of D&E Fund Administrators.





Europese bestuurskole wil bande met UP smee

Bestuursopleiding kan Suid-Afrika se sleutel tot sukses in die uiters mededingende wêreldmark wees, maar internasionale samewerking is nodig om hierdie opleiding meer relevant te maak.

Met die oog daarop om tendense in buitelandse bestuursopleiding waar te neem en om oor moontlike samewerking te onderhandel, het prof Nic Alberts, Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, vanjaar twee konferensies in Europa en die VSA bygewoon en 'n aantal bestuurskole en bestuursopleidingsinstansies daar besoek.

Prof Alberts sê dat daar in Europa 'n redelike mate van belangstelling in samewerking met die Nagraadse Bestuurskool is. Skole soos Krems in Oostenryk en IESE in Spanje is bereid en selfs gretig om hulle internasionale bande uit te brei. In België en Nederland is daar ook duidelike belangstelling in samewerking met Suid-Afrika. Moontlike samewerking sal hoofsaaklik by wyse van verdere onderhandeling bepaal word.

In teenstelling met die belangstelling in Europa, is weinig van die bestuurskole in Amerika daarin geïnteresseerd om met Suid-Afrika saam te werk.

Prof Alberts sê dat bestuurskole in Amerika in die verlede feitlik geen baat by sodanige samewerking gevind het nie.

Tegnologie die gonswoord

Wat bestuursopleiding betref, sê prof Alberts dat die wyse waarop dit plaasvind besig is om te ver-

ander. Twee van die belangrikste veranderinge is die sterk fokus op die stimulering van 'n leerbenadering by studente en die toenemende aanwending van tegnologie, rekenaars en interaktiewe televisie, tydens die opleidingsproses. Die dosentree in hierdie gevalle hoofsaaklik as begeleier op.

Bestuurskole soos dié aan die Duke Universiteit in Amerika spits hulle op opleiding van studente binne die konteks van die sogenaamde "virtual organisation" toe.

MBA-studente by dié Universiteit ontvang as deel van hul inskrywing die nodige toerusting en opleiding om van hulle selfstandige leerders te maak. Groepwerk en skakeling met dosente word deur middel van netwerke bewerkstellig.

Die Nagraadse Bestuurskool by die Universiteit van Pretoria (UP) is ook besig om in dié rigting te beweeg. Die skool beoog om 'n aantal rekenaarprogramme aan te koop waaronder die SAP/R3 die vernaamste is. Dié stelsel sal studente in staat stel om individueel of as deel van 'n span 'n voorgestelde sakesituasie en geskiedenis van 'n onderneming voor hom/haar op die skerm te hê. Hulle gekoppelde rekenaars sal dan deur 'n netwerk met mekaar kan skakel waarop die voorgestelde probleem opgelos kan word.

Prof Alberts sê die tendense in oorsese bestuursopleiding bevestig die toepaslikheid van die Nagraadse Bestuurskool se benadering met die geïntegreerde MBA en die voorbereiding van 'n nuwe fasiliteit om as nagraadse leersentrum te funksioneer.

Daar is in Europa 'n redelike mate van belangstelling in samewerking met die Nagraadse Bestuurskool aan die UP. Skole soos Krems in Oostenryk en IESE in Spanje is bereid en selfs gretig om hulle internasionale bande uit te brei.

UP aan die voorpunt

Volgens prof Alberts is daar wêreldwyd 'n wesenlike behoefte aan meer wetenskaplike, beter gefundeerde bestuursopleiding.

Dit is hier waar die Nagraadse Bestuurskool aan die UP op die voorpunt van ontwikkeling staan. Prof Alberts is tans besig met die ontwikkeling van 'n metode waarvolgens kritiese bestuursopleidingsbehoefte van 'n onderneming bepaal kan word.

“Die bepaling van behoeftes stel ons nie net in staat om vas te stel watter vakke om aan te bied nie, maar spesifiek watter komponente van die vakke aandag nodig het. So word leergeleenthede geskep en word daar van algemene vakke wegbeweeg na behoorlik gefundeerde kursusse wat die spesifieke behoeftes van die beroepswêreld aanspreek. Ons kan ons dus op opleiding in spesifieke bestuursvaardighede toespits,” sê hy.


Prof Alberts glo dat die buitelandse universiteite wat met Suid-Afrika wil saamwerk heelwat oor die skryf van 'n nuwe kurrikulum sal kan leer, en dat nuwe internasionale geleenthede so geskep kan word.

Horisonne verbreed

Die Nagraadse Bestuurskool is ook by die stigting van die Southern African Foundation for Management Development (SAFMD) betrokke - 'n orga-

nisasie soortgelyk aan die European Foundation for Management Development. Die oogmerk is dat dié organisasie reeds volgende jaar op die been sal wees.

“Die Chinese Europe International Business School wil Suid-Afrika ook insluit in wat die Indiese Oseaan ring van lande genoem kan word. Dit sluit die groep lande vanaf Perth in Australië, verby die Ooskus van Afrika, tot en met Suid-Afrika in. Die plan is om met ander vername dele van die wêreld, soos Europa en Amerika, oor bestuursaangeleenthede te skakel,” sê prof Alberts.



Prof Nic Alberts, Direkteur: Nagraadse Bestuurskool



Departement Ekonomie werk nou met private sektor saam


Die ekonomiese teorie en die praktyk vul mekaar op vele terreine aan en gunstige samewerking op hierdie terreine hou wedersydse voordele vir die Departement Ekonomie en die nasionale en internasionale private sektor in.

Hierdie Departement is reeds vir 'n geruime tyd by die private sektor betrokke en sy personeel laat hulle invloed wyd geld deur persoonlik by die breë private ekonomie betrokke te raak. Hulle tree dikwels individueel as konsultante vir instellings oor 'n wye spektrum van die ekonomie op. In hierdie hoedanigheid lewer hulle advies oor die wisseling van rentekoerse en ander ekonomiese veranderlikes, asook

“Die private sektor se belange lê na aan die hart van dié Departement en hul saak word op 'n wye verskeidenheid forums gestel en behartig. Lede van die Departement is by sakekamers en besture van professionele verenigings soos die Afrikaanse Handelsinstituut, die Noord-Transvaalse Kamer van Koophandel en die Pretoriase Afrikaanse Sakekamer betrokke. Dit sluit gereelde bydraes tot nuusbriewe, asook gereelde rubrieke in koerante in,” sê prof Geert de Wet, Hoof van die Departement Ekonomie.

“Die skakeling van individue van die Departement met buite-instansies hou hulle op hoogte van ontwikkeling in die private sektor, en geleenthede ten opsigte van navorsing en indiensneming kan aan die studente uitgewys word,” verduidelik prof De Wet.

“Lede van die Departement is op nasionale en internasionale vlak by vakverenigings en vakkundige konferensies betrokke.



Prof Geert de Wet, Hoof: Departement Ekonomie

“Die skakeling van individue van die Departement met buite-instansies hou hulle op hoogte van ontwikkeling in die private sektor en goeie geleenthede ten opsigte van navorsing en indiensneming kan aan studente uitgewys word.”

oor strategiese beplanning ten opsigte van die verloop van die ekonomie. Hulle gee ook advies by projekte oor streeks- en stadsbeplanning waar insettinge varieer van *ad hoc*-advies tot advies oor beplanning van behuisingsontwikkelingsprojekte. Insettinge word ook by ekonomiese debatte en beplanningssessies, soos die Gauteng Ekonomiese Forum en die Gauteng Ontwikkelingsforum, gelewer.

“Hulle is van mening dat betrokkenheid by die privaat sektor en sy professionele organisasies hulle in staat stel om die jongste teoretiese ontwikkeling na die praktyk deur te voer en terselfdertyd die denke en verwickelinge in die praktyk weer terug te neem na hul onderrig en vakkundige navorsing,” sê hy.



Nuwe Dekaan lei 'n nuwe era in

Prof Chris Thornhill, voormalige Direkteur van die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA), is met ingang 1 Januarie 1996 as Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangestel. Hy het prof Sieg Marx opgevolg, wat tot Viserektor: Bestuursdienste by die Universiteit van Pretoria bevorder is.

Prof Thornhill is sedert Januarie 1993, na 'n afwesigheid van 'n aantal jare, aan die Fakulteit verbonde en was instrumenteel tot die stigting van SOBA, een van die eerste skole van sy soort in die land wat BAdmin-grade aanbied. Hy kan beskou word as een van die mees senior akademici wat tans in Suid-Afrika in die vakgebied Publieke Administrasie staan. Hy het 'n toonaangewende rol gespeel in die meeste paradigmaverskuiwings wat oor die afgelope paar dekades in die wetenskap van die Suid-Afrikaanse Publieke Administrasie plaasgevind het.

Hoogtepunte in sy loopbaan in die staatsdiens sluit in sy betrokkenheid as voorsitter van die komitee van ondersoek na 'n nuwe stelsel van plaaslike regering vir Suid-Afrika, asook die komitee van ondersoek na metropolitanisasie in Suid-Afrika.

Prof Thornhill was outeur en mede-outeur van verskeie boeke en het reeds ongeveer 40 artikels gepubliseer.


Hy het gedurende 1995 die Stalsprys vir Politieke Wetenskap en Ontwikkelingsadministrasie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang as erkenning vir sy buitengewone bydrae tot wetenskapsbeoefening in Afrikaans.

Die verlede

Prof Thornhill het in 1963 by die Departement van Vervoer aangesluit en buitemuurs by die Universiteit van Pretoria vir 'n BA-grad studeer. Hy het die grad *cum laude* in April 1966 behaal en daarna 'n BA(Hons)-grad (1967), MA-grad (1968) en DPhil-grad (1973), met die titel "n Evaluering van die behandeling van die uitgawebegroting deur die Parlement", verwerf.

In 1967 is hy as voltydse lektor in die Departement Publieke Administrasie by die Universiteit van Pretoria aangestel en in 1969 by die Universiteit van Stellenbosch. Hy was van Januarie 1976 tot Junie 1982

Hoof van die Departement Publieke Administrasie by die Universiteit van Port Elizabeth en het in 1983 by die staatsdiens aangesluit waar hy tot 1992 Adjunk-direkteur-generaal van die Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising was.



Prof Chris Thornhill, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe



KE-boek vier 10de verjaardag

Die Kwalifiserende Eksamen (KE) wat landswyd deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditteursraad (OROR) aangebied word, laat menige aspirantrekenmeester jaarliks vir weke lank naels kou voordat die groot dag van die eksamen aanbreek.

Prof Dieter Gloeck, dosent by die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO), het tien jaar gelede al gesien dat hy sal moet help om dié spanning te verlig en het besluit om 'n boek wat voorgestelde antwoorde van die KE bevat, uit te gee.

Die samestelling van dié boek was die heel eerste projek van die SRO. Die boek, die enigste in sy soort in die land, verskyn in Afrikaans en Engels en word deur rekenmeesterstudente van universiteite in Suid-Afrika, sowel as in Namibië en Zimbabwe gebruik. Feitlik alle personeel van die SRO is by dié projek betrokke. Oor die jare het daar altesaam 51 skrywers aan hierdie boekie gewerk. Ongeveer 700 bladsye met vroeë gedurende hierdie tydperk deur die OROR opgestel, terwyl sowat 1 700 bladsye

met antwoorde deur die SRO opgestel is. Die omvangrykheid daarvan het ook oor die jare toegeneem.

Prof Gloeck, wat sedert die eerste uitgawe as redakteur opgetree het, het tydens 'n geselligheid om die tiende uitgawe te herdenk, gesê dat 'n mens dikwels nie beseft hoe groot die invloed van die KE werklik is nie. "Ek dink graag aan die KE-boekprojek as 'n aksie wat studente, dosente, firmas, die Universiteit, die reguleerder - trouens die hele profesie - saamsnoer. Die KE-boek dra tot professionele oopheid en deursigtigheid by," het hy gesê.

Prof Gloeck het ook sy dank aan die OROR betuig vir die feit dat hulle deur middel van die KE-eksamen die standaard van die rekenmeestersprofesie gevestig en hoog gehou het. "Dit is die grootste enkele faktor wat die beste na ons profesie trek. Ongeag die toekomstige veranderinge in ons profesie is die KE-eksamen en sy reputasie onsterflik. Ons is trots om deur middel van die KE-boek verder tot hierdie onsterflikheid by te dra," het hy gesê.

Tukkies doen dit weer

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) het dit vanjaar weer reggekry om 'n kandidaat onder die top tien aspirantrekenmeesters wat die Kwalifiserende Eksamen (KE) afgelê het, op te lewer. Mej Celia Becker, 'n leerlingrekenmeester van Coopers & Lybrand, het agste in die land geëindig in Deel II van die KE wat hoofsaaklik oor Ouditkunde gehandel het. Deel I handel oor Rekeningkunde, Belasting en Bestuursrekeningkunde. Net meer as 1 200 kandidate het die eksamen vanjaar vir die eerste keer aangepak waarvan 82 Tukkie-studente was. Tukkies se slaagpersentasie in Deel I was 98% teenoor 'n landsgemiddeld van 74%. In Deel II was die Tukkies-slaagsyfer 78% teenoor die landswye 62%. Die SRO lewer tans, naas die Universiteit van die Wit-

watersrand, die meeste graduandi op vóór hulle met leerlingrekenmeesterskap begin.



Mej Celia Becker het onder die top tien aspirantrekenmeesters wat die Kwalifiserende Eksamen (KE) afgelê het, geëindig.


SRO lewer 'n omvattende bydrae tot navorsing

Toenemende buitelandse belangstelling en betrokkenheid in die Suid-Afrikaanse ouditeursprofessie bied die geleentheid om by 'n groter verskeidenheid navorsingsprojekte betrokke te raak.

Een van die meer omvangryke navorsingsprojekte waarmee die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) gedurende die afgelope vier jaar besig was, is die "Facts on Audit Firms"-navorsingsreeks, waarvan die vierde uitgawe van-

jaar verskyn het. Die oogmerk van hierdie navorsingsprojek is hoofsaaklik om 'n maatstaf vir die koste verbonde aan die ouditering van 'n maatskappy daar te stel.

"Die sigbaarwording van korporatiewe beheer het tot 'n groter bewustheid by die publiek gelei ten opsigte van die rekenpligtigheid, openbaarmaking en geloofwaardigheid van finansiële inligting. Met die oog hierop moet audits volgens goed gedefinieerde en algemeen bekende auditstandaarde gedoen word," sê prof Dieter Gloeck van die SRO.



Prof Dieter Gloeck

Hierdie navorsingsprojek is nou stewig gevestig. Die uitgebreide databasis, wat op gepubliseerde inligting van finansiële jaarverslae van genoteerde maatskappye gebaseer is, laat nou meer sinvolle en uiteenlopende vergelykings toe. Langtermintendense kan nou ook geïdentifiseer word. Verder verskaf die publikasie heelwat inligting oor die Suid-Afrikaanse ouditeursindustrie wat nêrens anders gevind kan word nie.

Ouditverwagtingsgaping

Baie min statistiese inligting oor ouditeursfirmas is vrylik in Suid-Afrika beskikbaar. Volgens prof Gloeck

is die auditverwagtingsgaping, waarvolgens Jan Alleman nie genoeg van die auditprofessie weet nie omdat daar te min inligting daarvoor beskikbaar is, 'n wêreldwye verskynsel.


"Dié publikasie is die SRO se bydrae om die ouditeursprofessie meer deursigtig en rekenpligtig te maak vir die gebruikers van auditdienste," sê prof Gloeck.

"Die SRO se navorsings- en gemeenskapsdiensprojekte word gewoonlik op vraagstukke gerig wat die lede van die professie, sowel as diegene wat by die finansiële verslaggewingsproses betrokke is, raak," verduidelik prof Gloeck.

"Ons spits ons daarop toe om die behoeftes van die rekeningkunde- en ouditeursprofessie, asook die behoeftes van die gebruikers van rekeningkunde- en auditdienste, aan te spreek. Verder streef ons daarna om ons missie gestand te doen om 'n diens aan die gemeenskap te lewer deur uitnemendheid in die onderwys- en navorsingsveld te bevorder."

Hierdie projek is nog 'n bewys van hoe die Universiteit van Pretoria deur relevante navorsing en wetenskaplike ondersoeke die gemeenskap dien. Dit is ook 'n bewys van die strewe van die Universiteit om nuutgevonde kennis met die breër gemeenskap te deel.

Vir meer inligting oor die "Facts on Audit Firms"-navorsingsreeks, skakel prof Dieter Gloeck by tel (012) 420-3408.





Economists think globally and act locally

"South Africa is an important base for economic revival and policy formulation with the aim of economic development and growth in Africa. However, to achieve this we must reach out to international economists," said Prof Geert de Wet, Head of the Economics Department at the international COPE conference held earlier this year on the Tukkies campus.

In an attempt to make contact and exchange knowledge with economists world wide this Department held two international conferences this year.

Project Link

As a follow-up of the successful Project Link (Linkage of International Economic Forecasting Models) meeting held at the University of Pretoria in 1995, an Africa Link was launched at an econometric workshop and seminar in June this year.

Africa Link is an attempt to link economic forecasting activity in Africa. Sophisticated economic analysis and econometric modelling will be promoted in this way.

Proff Peter Pauly, from the University of Toronto, and Stephen Hall, from the University of London,

two foremost econometricians and model builders in the world, addressed the econometric workshop on co-integration and model diagnostics.



Prof Geert de Wet (middle), Head of the Economics Department, with delegates from all over Africa who attended the econometric workshop and seminar.

A seminar on applied econometrics was held afterwards where econometric research by South Africans and other countries in Africa were discussed.

